



'N NUWE SPORT — as die windhondwedrenne afgeskak word!

Skep of Naboots?

BY 'n vorige geleentheid het ons probeer ontleed wat te verstaan val onder die uitdrukking „volkskuns,” en dit toe verduidelik aan die hand van allerlei volkskundige gegewens. Mens kan ook die vraag benader vanuit die volkslied, en dan weer die vraag stel: Wat is 'n volkslied? Hoe ontstaan dit? Wie is die skepper daarvan?

Schrijnen, die Nederlandse volkskundige, het 'n aantal behartenswaardige opmerkings oor die saak. Hy sê dat daar heelwat poësie skuil in die gebruike van die volksmens. As die landbouer sy saad in die lug opgooi met die doel dat die gewasse later hoog en welig moet opskiet, as die Wes-Vlaamse boer in die aand in die oor van sy perd fluister dat dit die volgende dag 'n lyk na die graf toe sal moet vervoer, as die Limburgse bruid sorgvuldig haar selfvervaardigde bruidsnaghemp bewaar om te dien as doodshemp, dan is dit alles „hooggestemde volksdigting,” al is dit dan nog „liedjies sonder woorde.” Maar sodra die gemoedsaandoening omgeskep word in klankbeweging en dit word aangevul deur ritmiese en melodiese stembuiging, dan word die volkslied gebore. En in hierdie betekenis het die woord *lied* nie betrekking op dit wat gesing word of getoonset is nie, maar op wat uitermatig singbaar is. Die lied is die eenvoudige uitdrukking van 'n stemmingsgeheel. Diegene wat vorm gee aan die „uitermatig singbare gemoedsaandoening” is nie die volk of die hele groep nie, maar die-man-uit-die-volk, want juis só 'n persoon kan die volk begryp en kan die aandoening vertolk op só 'n manier dat dit deur die volk aanvaar en begryp word, want hy het deel aan die geaardheid van die volk. Omdat hy deel het aan die volk, kan hy die volk se digterlike skeppings in sy gebruike en in sy aandoenings en gemoedsuitings aanvoel en vorm gee daaraan.

'n Duitse volkskundige, Hans Naumann, het taamlik algemeen die opvatting laat posvat dat wat ons gewoonweg die „volkslied” noem, eintlik verdeel kan word in drie groepe verskynsels. *Volkslied* is dus eintlik 'n versamelnaam waaronder 'n hele aantal verskynsels saamgevat word.

Voorop stel hy die groep volksliedjies wat eintlik liedere uit die opperkultuurlaag is wat populêr geword het. Die volk het dié liedere gewysig, verhaspel, vermom totdat dit by sy eie geestestoe-stand aanpas. Feit bly egter dat dit nie oorspronklik volkskuns is nie, maar kultuurkuns. Hierby sluit Schrijnen veral in die minnelied, die verhalende lied, die sprokieslied, en die geestelike lied.

'n Tweede groep is volksliedjies wat gedig is deur persone-uit-die-volk, dus volksmense, maar na die model van liedjies wat afgedaal het uit die opperkultuur. Hulle is egter maar gering in getal.

Die derde groep is die *eintlike* volksliedjies. Dit is liedjies wat regstreeks uit die volk ontstaan. Dis eenvoudige, maar oeroue gemeenskapslied. Hierdie soort liriek het nog altyd baie nou verband gehou met die kultuurlied. So ontdek Schrijnen bv. 'n elementêre verband tussen die gemeenskapsliedjies van Estland en Letland en van die kultuurlied van die Griekse digteres Sappho. Schrijnen verset hom dus teen die uitspraak van Hoffmann-Krayer, die Switserse volkskundige, dat die volk nie produseer nie, maar slegs reproduseer. Só 'n bewering is in sy algemeenheid beslis onjuis.

deur dr. Abel J. Coetzee

Om dan aan te toon hoe die gemeenskapslied of die eintlike volksliedjie ontstaan, word die saak op verskillende maniere benader. 'n Duitse geleerde, Otto Böckel, het 'n teorie opgestel dat die *roep* die kern is van die volkslied. Alles wat die mens ontroer, tot vreugde of tot smart, gee aanleiding tot gesang-vormige klank. Daardie klank kan aangroei of ontwikkel in omvang en melodie. Heelwat van ons bekende volksliedjies het so 'n uitroepagtige geaardheid. 'n Nederlandse voorbeeld:

*Hei 't was in de Mei, Mei, Mei,
Hei 't was in de Mei,
Hei 't was in die Mei so bly,
En die blydschap was in die Mei.*

Ook liedjies met 'n refrein waarin *viola, viola* voorkom, openbaar so 'n geaardheid (by ons vermom tot fiefla, liefla, lieflaf, in die Molliedjie).

Musikaliteit het die volksliedjie dus oorspronklik uit die uitroepagtige geaardheid van die menslike uiting van vreugde en leed.

Maar die volksliedjie het kenmerkend ook ritme, en dit is oorspronklik nie aanwesig in die uitroep nie. Die ritme kom van elders in die volkslied in, en wel vanuit die arbeid. Dit is veral die verdienste van die Duitser Karl Bücher dat hy die aandag daarop gevestig het dat die mens by die verrigting van arbeid sekere geluide maak, en dat daardie geluide soms daartoe dien om die momente van spanning by die arbeidsverrigting te beklemtoon of te benadruk. As ons bv. luister na iemand wat spit of wat hout kap, dan sal ons hom baie gou hoor steun op dié punte waar hy 'n groter inspanning van krag moet maak. Daarby moet onthou word dat dans ook 'n soort werkverrigting is, en ook dat die mimiese jagters-dans soortgelyk van aard is.

In ons Nederlandse stamland is heelwat arbeidsliedjies bekend. Elke soort arbeid het sy eie besondere liedjies. Hier volk 'n Nederlandse hei-liedjie wat gesing word wanneer daar 'n paal in die grond geslaan word:

*Hoog op een! een, twee,
hoog op vier! vyf, en meer!
hoog op zes! fiks op, ens.*

'n Karringliedjie (die outydse karring met die staaf):

*Op en neer
Keer op keer
Klotst de pols in 't witte nat,
't Bruist en spat,
't Valt wel zuur
Heel een uur
Met een karnpols om te gaan,
Maar komaan
Niet gestaen
't Zware werk is haast gedaan.
'n Spinliedjie uit Zeeland:
*Draaie, draaie wieltje,
Morgen komt Machieltje.
Als Machieltje niet en komt,
Dan komt Jacob Janssen,
Die zal je leeren dansen,
Hier een stoel en daar een stoel,
Op ieder stoel een kussen.
En 'n spinliedjie uit Vlaandere:
Al onder den weg van Maldegem,**

*Malle-Malle-Malle-Malle-
Maldegem,
Al onder den weg van Maldegem,
Daar zat een wijf dat spon,
Gielegon,*

*Al op een houten wieleken,
Wiele-wiele-wiele-wieleken,
Al opeen houten wieleken
Daar was geen draaiing aan!
Daar was geen draaiing aan!*

Verwant aan die arbeidslied is die danslied, veral die bruilofs-danslied. Hier volg die woorde van 'n outydse bruilofs-danslied uit Nederland:

*Ik heb mijn geld
Op hoopen gesteld,
Gestapeld op elkander.
Ik heb mijn liefje trouw
beloofd,
Een trouw van diamanten.
Ziedaar, schoone jonkheer,
Daar heb-je mijn hand van eer.
Zie-daar, schoone jonkvrouw,
Daar heb-je mijn hand van
trouw,
En daarop zoen ik jou.*

Die meegaande handelinge kan mens uit die woorde aflees.

Die danslied het natuurlik later los geraak van die dans af, en op baie plekke het die danslied afgedaal na die kinderkamer toe, ook in Suid-Afrika.

In die Europese stamlande is daar nog oral bewyse en oorleefsels van die primitiewe arbeidslied. Nie net oorleefsels nie, maar liedere wat nog volop gesing word by die verrigting van die een of ander soort arbeid.

Van die begin af het dit navorsers in Suid-Afrika getref dat die eintlike arbeidslied by ons heeltemal uitgesterf het, of dan skynbaar heeltemal uitgesterf het. Die fragment van een oorspronklike arbeidsliedjie het met verloop van tyd só vervorm geraak dat dit nie meer as sulks te herken val nie, en daarby doen dit by ons diens as tiekiedraailied, nl. die sogenaemde *molliedjie*: Ek vang vir my 'n mol.

Dié leemte in die Afrikaanse liedereskat is verklaar deur verskillende faktore in ons landsomstandighede. Eerstens is daarop gewys dat ons as volk byna uitsluitend Calvinisties is, en die Kerk het hom vyandig verklaar teen die wêreldse volkslied. Tweedens is ons versprei oor 'n groot oppervlakte, wat meebring dat die bevolking vereensaam woon, met die gevolg dat die geleentheid tot saamwees en saamsing grootliks ontbreek. Dertens is ons hoofsaaklik veetelers, en die gesamentlike arbeidsgeleentheid met gesamentlike kraginspanning kom nie veel voor by veeboerdery nie. Verder is ons blanke gemeenskap in Suid-Afrika van 'n aristokratiese geaardheid, 'n blanke artistokrasie wat nie eintlik veel van werk hou nie. Die geringer soorte werk, wat werrig word deur groepe, word derhalwe by ons verrig deur inboorlinge en kleurlinge, en die blanke is opsigter. Die enigste arbeidsliedjie wat dan ook dusver in Afrikaans opgeteken is, word deur Boshoff beskou as van nie-blanke oorsprong. Dit word opgedreun by die vastrek van die tou by vrag-oplaai en dit lui as volg:

*Eina, tweina, hip!
Eina, motjiewyna, hip!*

Groot was dus my verrassing toe ek 'n tydige gelede van mnr. J. van der Walt, van Bonthoeken, Dordrecht, die volgende berig ontvang: „Na aanleiding van u artikels oor rympies deel my vrou die volgende mee. In haar geboortedistrik, George, het sy en haar susters die volgende rympie, deur hulleself gemaak, opgesê as begeleiding wanneer hulle besig is om mieleis in die stampblok te stamp. Die rympie word so voorgedra dat die verskillende reëls by die liggams-

(Vervolg op bladsy 21)

SKEP OF NABOOTS?

(Vervolg van Bladsy 15)

bewegings pas. Hier volg die rympie:

*Jan de Wet,
Dik en vet,
Lui by die blok (d.i. stamp-
blok!),
Fluks by die bak.
Eet is lekker,
Stamp is swaar.*

'n Pragtige arbeidsliedjie of stampblokliedjie* in Afrikaans dus. Ek is oortuig daarvan dat daar nog baie sulke arbeidsliedjies in Afrikaans moet wees. Dis net nie opgeteken nie. Wie van ons lesers kan nog help?